Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Besigheidstrategie en Belanghebbendebestuur

Verwysing: 20160127-7057
17/4
Navrae: Spanbestuurders

Besigheidstrategie- en Belanghebbendebestuursminuut: 0002/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuning, Kringspanbestuurders, Spesialeskoolprogrambestuurders, Kurrikulumondersteuningsbeamptes, Prinsipale van spesiale openbare skole en Lede van skoolbeheerliggame

**Onderwerp: Skoolverbeteringsmonitering**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal weereens die implementering van die Skoolverbeteringsplanne in 2016 monitor.

2. In 2016 sal die volgende areas in die Skoolverbeteringsmonitering (SVM) van die Skoolverbeteringsplan (SVP) gemonitor word:

- Voorbereiding vir en implementering van die SVP;
- Werkboeke;
- Handboeke en skryfbehoeftes;
- Onderrig en leer;
- Bestuur (vergaderings met ouers, databestuur, skooltoelatings; leerder- en opvoederbywoning, vul van vakatures, opvoederontwikkeling);
- Lessenaars en stoele;
- Infrastruktuur, met die fokus op toilette en klaskamerakkommodasie; en
- Finansiële bestuur.

3. Die besonderhede vir elke kwartaal in 2016 kwartaal word in die aangehegte dokument verskaf.

4. Die SVM moet soos volg deur beide die skool en beamptes voltooi word:

| **Tydperk** | **Sperdatum** |
|---|---|
| Kwartaal 1 | 17 Maart 2016 |
| Kwartaal 2 | 23 Junie 2016 |
| Kwartaal 3 | 29 September 2016 |
| Kwartaal 4 | 15 November 2016 |

Laer Parlementstraat,Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2327 faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47
Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Ten einde monitering te vergemaklik, moet die volgende prosedure gevolg word:

5.1 Moniteringsfokusitems sal vir aftekening op SOBIS onder "ADMINISTRATION" verskaf word.

5.2 Die prinsipaal sal antwoorde aanlyn vaslê.

5.3 Kringbestuurders sal 'n afspraak maak om die antwoorde te bespreek en die voltooide blad sal deur beide partye onderteken word.

5.4 Die prinsipaal sal op SOBIS afteken.

5.5 Een drukstuk sal, vir ouditeringsdoeleindes, deur die Kringbestuurder bewaar word. 'n Tweede een moet by die skool gehou word.

5.6 Die Kringbestuurder sal op Eduinfosearch afteken.

6. Neem asseblief kennis dat dit **die enigste minuut in hierdie verband vir 2016** sal wees. Die nuwe patroonplaat vir elke kwartaal sal aan die begin van die kwartaal op SOBIS gelaai word.

7. Enige navrae sal deur die Kringbestuurder of die Spesialeskoolprogrambestuurder hanteer word indien dit met gespesialiseerde onderrigaspekte verband hou.

8. Vanjaar is die eerste jaar dat die SVM deur spesiale skole voltooi sal word. Enige aanbevelings vir verbeterings moet na die Direktoraat Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderrigondersteuning gestuur word om vir insluiting by die 2017 SVM vir spesiale skole oorweeg te word.

9. Ons dank u vir u gebondenheid aan gehalte-onderrig.

**GETEKEN:** P A VINJEVOLD
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2016-01-26